



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
AFDELING A: Opstel 50 punte
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) 50 punte
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloediagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 100 minute
AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 350–400 woorde.

1.1 **Ma en Pa, julle maak ons tieners gek!** [50]

1.2 Ag, as ek maar net geluister het! [50]

1.3 **Eerste indrukke kan misleidend wees.** [50]

1.4 Skryf 'n OPSTEL wat met die paragraaf hieronder as 'n INLEIDING begin. Jy moet dié inleidingsparagraaf in jou ANTWOORDEBOEK oorskryf.

Ek skrik as ek die slag in die kombuis hoor; sit verwilderd orent. Ek spring op; hardloop die trappe twee-twee af. [50]

1.5 **Ware geluk lê in die klein dingetjies.** [50]

1.6 Bestudeer die volgende visuele prikkels en skryf 'n OPSTEL oor EEN van die prente. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.


1.6.1



[Bron: Google Images]

[50]

1.6.2



[Bron: Getty Images]

[50]

1.6.3

[Bron: [Dreamstime.com](https://www.dreamstime.com/)]**[50]****TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde oor elk. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF/VRIENDSKAPLIKE BRIEF**67 minute op Mandela-dag ...**

Skryf 'n BRIEF aan jou vriend(in) waarin jy vertel hoe jy jaarliks jou 67 minute op Mandela-dag aanwend.

[25]**2.2 DIALOOG**

Jy het lelike aanmerkings oor een van jou klasmaats se liggaamsbou gemaak. Hy/Sy het gehoor wat jy gesê het toe hy/sy verbygestap het. Tydens pouse besluit jy om 'n gesprek met die klasmaat te voer.

Skryf die gesprek in DIALOOGVORM neer.

[25]**2.3 HULDEBYK**

Jy het 'n besondere verhouding met jou oom/tante gehad wat onlangs na 'n lang siekbed oorlede is. Omdat jy van jongs af noue bande met hom/haar gehad het, word jy gevra om 'n HULDEBLYK aan hom/haar (tydens die begrafnisdiens) te lewer.

Skryf die HULDEBLYK neer.

[25]**2.4 TYDSKRIFARTIKEL**

Die hoofdogter/hoofseun van jou skool is 'n finalis vir Matrikulant van die Jaar vir *JIP*, 'n tienerbylaag in *Die Burger*. As joernalis besluit jy om 'n artikel vir 'n tienertydskrif te skryf na afloop van die onderhoud wat jy met hierdie leerder gevoer het.

Skryf die ARTIKEL vir publikasie in die tienertydskrif.

[25]**2.5 KOERANTBERIG**

'n Tiener in jou omgewing het oornag bekendheid verwerf nadat 'n onbekende weldoener hom voor 'n winkelsentrum opgemerk het toe hy met sy kitaar gesit en sing het.

Skryf 'n KOERANTBERIG vir jou plaaslike koerant oor hierdie tiener.

[25]

2.6 FORMELE BRIEF

Jou skool se graad 11-leerders het onlangs by 'n liefdadigheidsprojek vir straatkinders betrokke geraak. As voorsitter van die Uitreikprojek het julle donasies nodig om van die projek 'n sukses te maak.

Skryf 'n VERSOEKBRIEF aan die bestuurder van 'n bekende winkelgroep waarin jy die doelwitte van die projek uiteensit en hoflik 'n donasie versoek. **[25]**

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100